*CACHET APTEEK*
U Plus Apteek
*TOMSTRAAT 92*
**Tel. 4201**
Groot genoeg om u te dien, klein genoeg om u te ken

# die WAPAD

ASPU
AMPTELIKE STUDENTEKOERANT VAN DIE P.U. IN U LIG SIEN ONS LIG
JAARGANG XXXII NOMMER I VRYDAG 11 FEBRUARIE 1977

PUKKE!
Vir u kleurbaadjies en sportbenodighede:
**Johan Claassen Broers**

## *TELEURSTELLING!!*

**Die Besembosredaksie is 'n apologie aan alle Pukke verskuldig: Die Besembos is reeds drie maande laat, en nog is't het einde niet!**

Nadat twee afvaardigings van die S.S.R. die drukkers in Desember en vroeg Februarie besoek het, is die nuus dat die eerste Besembosse eers van Vrydag 18 Februarie af beskikbaar sal wees.

Pukke, van ons kant af het ons letterlik alles in ons vermoë gedoen om die verskyningsdatum te verhaas. Misverstande en kortsluitings tussen die maatskappy wat die kleurskeidings gedoen het, die drukkers en die redakteur het gelei tot ons huidige krisis. In soverre as wat enigiemand verontrief is, vra ons verskoning.

Die huidige stand van sake is soos volg: 'n Beperkte aantal Besembosse sal van volgende Vrydag af vir Pukke by die SSR-kantoor beskikbaar wees. Die res sal die daaropvolgende week beskikbaar wees. Ná 'n week se verkope sal Pukke wat bestellings geplaas het, en nog nie hul Besembosse kom haal het nie, se jaarblaaie na hul onderskeie adresse gepos word.

Ons hoop julle sal nog lekker lees.

Redaksiegroete

# *REKTOR BINGLE TREE AF*

**'n Groot man gaan op 30 April uit sy amp tree. 'n Man wat vanaf 1928 as student, dosent, professor, dekaan en rektor aan ons Universiteit verbonde was – Prof. H.J.J. Bingle. Onmiskenbaar het hy sy stempel as standvastige persoon op die Universiteit afgedruk – veral die laaste 13 jaar as Rektor. Van al die rektore het hy die langste dienstermyn in die juk getrek en steeds met sy bekwame leiding die Universiteit gebou. Onder sy leiding het die PUK 'n ongekende ontwikkeling deurgegaan, sodat dit vandag as een van die groot Universiteite geken word.**

Tydens sy dienstyd is etlike miljoene rande aan bouprojekte bestee. Nie net koshuise nie, maar ook groot lokaalkomplekse is gebou. Nie net die hoofkampus het sy aandag geniet nie. 'n Groot ideaal is bereik toe die Vaaldriehoekse tak van die PUK tot stand gekom het; 'n tak wat mettertyd tot 'n selfstandige Universiteit moet ontwikkel.

Onder die leiding van Prof. Bingle het die Christelike wetenskap steeds gegroei en was dit steeds sy erns om dit uit te bou. In sy dienstermyn het o.a. 'n konferensie ter bevordering van Christelike wetenskap op Potchefstroom plaasgevind, wat Christene oor die wêreld getrek het.

Kyk ons na die opleiding wat hy gehad het en die verantwoordelike poste wat hy betree het, kan ons verstaan waarom die Raad van die P.U. vir C.H.O. met spyt kennis geneem het van die bedanking van die Rektor.



*Prof. H.J.J. Bingle*

Nadat hy die grade BA, M. ED. en D.Phil behaal het, was prof. Bingle van 1944 tot 1947 hoofeksaminator vir Afrikaans A vir die seniorskooleindeksamen vir die Transvaalse Onderwysdepartement.

Tot hy Rektor geword het, het ongeveer 24 doktore en 32 meestergraadstudente hulle studies onder hom voltooi. Van sy afgetrede studente betree tans verantwoordelike posisies in die samelewing.

Na sy aftrede wil prof. Bingle op sy plaas tussen Lydenburg en Dullstroom gaan woon.

Op 66-jarige leeftyd het prof. Bingle alreeds aftreetyd bereik en is dit te verstane dat sy kragte begin afneem.

In 1936 is hy met mej. A.S. de Klerk getroud. Hulle het drie kinders, 'n seun en twee dogters.

As Pukke kan ons net ons hoogste dank uitspreek teenoor prof. Bingle.

## *LEES BINNE*


| | |
|---|---|
| Ramp | Bl. 2 |
| Geldskaarste | Bl. 3 |
| Uit die Woord | Bl. 4 |
| Liber Fuctus | Bl. 5 |
| Uitspan voor | Bl. 6 |
| Dorp | Bl. 7 |
| Rugby | Bl. 8 |


# PUK BARS UIT SY NATE

**Met die aankoms van die eerstejaars op Vrydag 4 Februarie was hier behoorlik 'n gewoel en gewemel van mense op ons kampus. Motors vanaf Gobabis in Suidwes tot by Parow in die Kaap is opgemerk.**

Ongeveer 1 100 eerstejaars met hul ouers, het op dié dag die eerste keer kennis met hul nuwe Alma Mater gemaak. Die Departement van Ontwikkeling het gesorg dat die mense behoorlik op die PUK-kampus verwelkom word. Hulle is hierin bygestaan deur doserende personeel, personeel van die tegniese sowel as koshuisadministrasie, Studenteraadslede en huiskomiteelede.

Nadat alle eerstejaars in die biblioteekgebou geregistreer is, het hulle, hulle departementshoofde, voogdosente en hulle onderskeie predikante op die verskeie plekke op die kampus ontmoet. Om 11h45 is hulle deur die rektor, amptelik op die PUK-kampus verwelkom. Hierna is almal na hulle verskillende koshuise waar die ouers en eerstejaars saam middagete genuttig het.

Volgens raming is daar ongeveer 4 000 mense die dag op die PUK-kampus ontvang. Die koshuisadministrasie het voedsel aan ongeveer 3 000 gaste verskaf. Daar is ongeveer 1 070 eerstejaars in die onderskeie PUK-koshuise opgeneem.

Die eerstejaars is ongeveer gelykop tussen die verskillende fakulteite verdeel. Daar word weer 'n aantal meriete beurse beskikbaar gestel aan eerstejaars wat op akademiese- en leiersvlakke op skool uitgeblink het. Volgens die Sportinstituut het 'n hele aantal bogemiddelde sportmanne en vroue hulle vanjaar by die PUK ingeskryf.

Dit wil dus voorkom asof daar geen noemenswaardige daling in die PUK se studentetalle is nie, en ons die toekoms onbevrees kan tegemoetgaan.



*Op 4 Februarie 1977 was die toneel definitief nie so rustig nie. Byna 3 500 mense het die goeie ou Pukkampus oorstroom. Na twee en 'n half maande se rus het die gras darem nie 'n blywende knou weg nie. (Sien die berig oor die pukterrein elders in DIE WAPAD.)*

## *TARENTAAL?*

**Tarentale van Tuisland Tarentalia, Onthou julle nog hoe oud hierdie Tuisland eintlik is? Dit is weliswaar 'n taamlik moeilike vraag maar tog is daar iets, hoewel dit taamlik mistiek is wat die hele ou storie vertel.**

In kort: Geen datum kan aan Tarentalia se ontstaan gekoppel word nie. Tog was daar in die verre verskiet 'n groep drake op pad êrens heen. Hulle het van motorfietse as vervoermiddels gebruik gemaak en die doorgoed was agterop.

Hulle ontmoet 'n groep blouwildebeeste tydens 'n vergadering, bied aan die blouwildebeeste verversings aan maar laasgenoemde is nie daarmee tevrede nie. Uit 'n daaropvolgende argument, raak die twee partye handgemeen en al wat draak en door is word gegaffel en verdrink in hul eie bloed.

Hulle word op 'n obskure wyse in vlak grafte begrawe en dit was in hierdie grafte waar Tarentalia se wortels lê.

'n Paar tarentale skrop in die grafte en kry van die dore en drake se bloed in. Die gevolg: die hen raak broeis en lê 'n paar eiers langs die Potch-Johannesburg spoorlyn. Toe die eiers uitbroei was hulle Tarentale, maar nie gewone tarentale nie maar Tarentale soos u en ek. Hierdie kuikens moes 'n heenkome vind en klim dus op die eerste trein en land in Potch. Vandaar die naam Tarentaalstasie. Van daardie dae af tot vandag nog gaan die Tarentale (broeis henne) na die stasie om die jaarlikse nakroos in eier vorm af te lewer en uit te broei.


Hierdie broeiery het groei tot gevolg gehad en dit het die Tarentalia munisipaliteit tot gevolg gehad met 'n reeks burgemeesters aan bewind. Verdere groei het Ou Koos Kaffer se Tuisland Tarentalia die lig laat sien met Oom John (Vorster) as president, Koos as Hoofminister en later Minister Connie Mulder as ereburger wat onafhanklikheid vir Tarentalia moet bepleit.

Sedertdien het verskeie hoofministers die Tuisland tot onafhanklikheid probeer lei, maar medeburgers, sonder sukses. 'n Tuisland soos Transkei het, reeds sy onafhanklikheid gekry en is die vraag (eis): Is 1977 nie die jaar vir Tarentalia nie?

## SLEGS VIR SENIORS

WELKOM! Welkom! is die woord wat aan julle gerig word. Ons lig het byna uitgegaan nadat ons vir 'n hele week oorval is deur „Donker Afrika" (dore en drake). Ons moes buig, mooipraat en paai en al wat ons van ondergang kon red was julle terugkoms. Daarom verwelkom ons julle op ons groen Alma Mater wat op die oomblik deur honderde dore en drake onordelik daar uitsien. Ons wens julle alle sterkte toe in julle taak om binne een week „die ditte" so te rangskik dat ons kampus weer netjies kan lyk.

Studenteraadsgroete



# RAMP

*Vrydag:*
*4 Februarie, 8 vm.*

*'n Sprinkaanplaag is 'n mooi een. Dis drake en dore en dore en drake – die een wil meer vernaam wees as die ander.*

*Die eerstejaardames skitter met blou en rooi sandaaltjies, fleurige serpies en windmakerige Purdey-kapsels.*

*Ma's kloek-kloek besorgd en pa's staan lomp en onbeholpe rond tussen stelle nuwerwetse tasse, bagasies en pakkerasies.*

*Die HK's is vriendelik en hulpvaardig en bedrywig in die skitterskoon portale met beterweterige glimlaggies en skelm kykies as 'n door ewe onverstoord wil weet waar die mense dan is wat hulle gaan ontgroen!*

*Vrydag:*
*4 Februarie, 9 vm.*

*Glimlaggende HK's ondergaan 'n metamorfose en word grynsende, jillende tiranne. Eerstejaardametjies moet vinnig in hul doregewaad spring en grimering en naellak bly in die slag – want dore leef na aan die natuur!*

*HK's beantwoord knaende telefoonoproepe van huilende ma's liefies en geduldig. „Ja Mevrou – ons wéét van die operasie in Mei 1974 – nee sy is doodgelukkig – sy geniet dit – al klaar tuis. Ja Mevrou, goed mevrou. Totsiens mevrou."*

*„Door, hoe durf dit die oudame so in die gesig staar! BLIK IN DIE AS!!!*

# DAMESBLAD VRA INLIGTING VAN DIE PORTEFEULJE "OPENBARE BETREKKINGE"

**Die volgende twee vrae is aan Ilse Kuun gevra:**

**A WAT IS DIE DOEL VAN SKAKELING VAN DEPARTEMENT ONTWIKKELING MET DIE STUDENT EN WAT WORD BEOOG MET DIÉ SKAKELING?**

Die Departement Ontwikkeling en SSR het sekere oogmerke met skakeling. Die SSR se hoofmotief met skakeling met Departement Ontwikkeling is tot **voordeel** van die student en tot uitbouing van die P.U. vir C.H.O.

In teorie tree Departement Ontwikkeling op as amptelike **Skakelbeamptes** Van die universiteit na binne en na buite. Deur hierdie skakeling dra hulle 'n sekere beeld van die PUK uit en het hulle dan verwagtinge dat die student daardie selfde beeld sal uitdra.

As gevolg van die feit dat die student kontak het met die buitewêreld vind oorvleueling van die Departement Ontwikkeling en die student baie keer plaas. Daarom is absolute **Koördinasie en samewerking** tussen hierdie twee groepe van uiterste belang.

Dit hou die **voordeel** vir die student in dat die Departement reeds in die buitewêreld sekere kontakte opgebou het wat die student dan in samewerking met Departement Ontwikkeling kan gebruik vir die reël van aktiwiteite en vir fondsinsamelings.

'n Verdere voordeel wat die Departement Ontwikkeling vir die student bied is die sluiting van nouer kontak tussen student en personeel.

Nog 'n groot rol wat die Departement Ontwikkeling speel is kontak met pers en televisie. Hulle koördineer publisiteit van die kampus. Hulle bied die student die geleentheid om deel te neem aan Studentevaria en om gebruik te maak van die pers en radio vir koshuis- en studenteaangeleenthede.

Die **nadeel** van so 'n koördinasiesisteem waarteen die Departement Ontwikkeling waak en die studentemassa moet waak is die verloor van inisiatief en kontinuïteit deur die student.

Daarom – laat ons almal bou aan ons beeld na buite, ons selfbeeld – tot **voordeel** van ons Alma Mater.

**B WAT PRESIES WORD VERWAG VAN 'N BERIG WAT OOR STUDENTEVARIA UITGESAAI WORD?**

Studentevaria is 'n **spreekstem** vir die universiteit en daarom word daar 'n beroep gedoen op die studente van koshuise, verenigings en rade om hulleself asook die PUK aan die buitewêreld bekend te stel.

Hierdie artikel of berig kan van 'n ernstige of humoristiese aard wees – insluitend sake soos: Koshuisaktiwiteite en interessanthede, studentepolitiek, humoristiese nuuswaardighede in verband met sleepaksies van bekende persone, persone wat die kampus besoek, enige nuwe benaderings wat ons het ten opsigte van studenteaangeleenthede soos byvoorbeeld akademiese sake, Karnaval en oriëntering.

Individuele onderhoude wat studente aanvra kan ook gereël word. Sodanige berigte kan óf Maandag voor 12h00 by Departement Ontwikkeling (kamer 1 in Hoofgebou) ingedien word óf by Ilse Kuun se posbus by die SSR-kantoor.

Studentevaria bied die geleentheid om kennis van verskillende kampusse uit te ruil en om die beeld van die PUK uit te dra – gebruik dit met vrug!

# OOR DIE ONDERDEUR

**Vanuit hierdie posisie is talle verwikkelinge waarneembaar.**

Vir sommige was hierdie afgelope vakansie 'n kwessie van „Absence makes the heart grow fonder". Ander weer „uit die oog uit die hart óf nog steeds soekende".

Danie de Kock val in kategorie een. Hy voer sy Venita van Alberton in as die geleentheid hom voordoen (bv. 'n vleisbraai op die Fanie du Toit).

Corrie Kraamwinkel en sy Mathilda is onafskeidbaar van mekaar.

Theo Cloete is soos die spreekwoordelike Jakob van ouds. Ses jaar van swoeg en sleep is agter die rug. Het Augusta nie 'n suster Lea nie, Theo?!!

Sommige het sake nie net by sleep gehou nie. Niek Potgieter en Gerhard Kamffer het dié vakansie die strop om die nek gekry. Sover lyk hul heel gelukkig met hul posisie. Frans Meyer en Rilda is ook getroud en glo nog alles bestaan uit maanskyn en rose. Kruger Breedt – hulle het ook nog nie 'n huwelikskrisis beleef nie.

Ons bespeur ook „diamantsmokkelary". De Wet Mulder het sy eerste en enigste Gertruida Malan aangekeer met 'n yslike klip (gelukkig in die vorm van 'n diamant en nie op 'n Sowetowyse nie). Betsie Erwee van Soetdorings spog ook met 'n diamant.

Piet Odendaal is nog steeds soekende op P. Gert Hayward is mal oor blonde koppe. Zoks kuier volgens 'n fluisterstem (die persoon het 'n kwaai aanval van verkoue gehad) by Linda Conradie van Stilfontein. Zoks, onthou petrol spaar, petrol spaar, petrol spaar!!

Peet Badenhorst bang geen inspuiting, hospitaal of verpleegster nie. Ek meen daarvoor is hy te knaend by die hospitaal en net verpleegster Daleen Strydom kan sy ongesteldheid genees.

Pieter Fourie is nie net allergies vir 'n kultuurtou (das) nie, maar ook toue wat hom kan bind.

Konkie van der Walt is ra[...]send oor „swot" of soek h[y] nog na die regte pastoral[e] moeder?! Hoe sal ons óói[t] weet!!!

Fluit, fluit my storie is uit!


# Johan Claassen Broers

HEET U WELKOM

Eerstejaars, volg die ou menere se voetspore na ons winkel op die Bult of in die dorp vir al u Kleredrag en sportbenodigdhede.

KERKSTRAAT 92 TOMSTRAAT 100


# „PUKKIES" STAP 1977 IN

**Die PUK se Pukkies (trompoppies) beplan groot dinge in hierdie jaar volgens hulle afrigter Mnr. Johan Aucamp.**

Die Pukkies het verlede jaar baie lof ontvang vir hulle optredes. Onder hulle nuwe naam „Die Pukkies" wat vir hulle 'n eie Puk-karakter na buite dra. Hoogtepunte in hierdie jaar sal hulle optrede tydens Karnaval en Intervarsity wees.

Baie „Pukkies" is nie meer beskikbaar nie met die gevolg dat daar baie vakante poste is.

Die keuring gaan binnekort begin en dames wat belangstel kan met Mnr. Zoks Schwellnus, voorsitter van die Kultuurraad, skakel of met Mej. Marna van Wyk van Kasteel.



# KUESTA '77

# ORIËNTERING

**Geagte Pukke,**
**Ook van my kant 'n hartlike woord van welkom aan elkeen van julle. Soos in die verlede sal daar hierdie jaar 'n amptelike oriënteringsprogram aangebied word. Dit is die plig en voorreg van elke senior aan die Puk om hieraan ten volle deel te hê. Graag gee ek aan julle 'n paar riglyne van hoe hierdie oriënteringsprogram sal verloop.**

**MAANDAG 14 FEBRUARIE 1977**

18h30 – Kenmekaar op die kampus waar die eerstejaars bevoorreg word om te sien hoe die ware Pukke lyk en die geleentheid gegun word om die seniors te leer ken. Natuurlik ook andersom.

19h30 – Die SSR-Voorsitter heet die seniors welkom.

19h45 – Sing-songs voor die Hoofgebou.

21h00 – Mansstudente bly agter vir bekendstelling van Rugbybestuur. Al die Koshuisstudente gaan na hul eie koshuis waar 'n addisionele program gevolg sal word. Dorpstudente moet almal na die Hoofgebousaal gaan.

**DINSDAG 15 FEBRUARIE 1977**

18h30 – Kenmekaar op die kampus.

19h30 – Sing-songs

20h15 – Die Burgemeester van Tarentaal kry die geleentheid om die Pukke toe te spreek.

20h45 – Koshuisstudente na koshuise. Dorpstudente na Totiussaal.

**WOENSDAG 16 FEBRUARIE 1977**

18h30 – Kenmekaar op die kampus

19h30 – Senior programaand waar Alabama, P.U.-koor en Thalia sal optree. Let asb. op die indeling waarvolgens koshuise ingedeel is.

21h30 – Koshuisstudente na koshuise. Dorpstudente na Totiussaal.

**DONDERDAG 17 FEBRUARIE 1977**

Daar word 'n bier-en-braai aangebied op die Fanie du Toit Sportbraaiterrein. Die Kultuurraad beoog groot feeste hiermee en beloof om daarvan 'n groot sukses te maak.

19h30 – Senior programaand vir die res van die koshuise – Let asb. op die indeling wat aan die HK gegee sal word.

21h30 – Koshuisstudente na koshuise. Dorpstudente na Totiusgedenksaal.

Met die medewerking van elke senior kan ons van hierdie oriëntering 'n sukses maak soos wat dit in die verlede was en ek glo hierdie jaar ook sal wees. Onthou, dit is 'n voorreg om 'n Puk te wees.

Puk-groete,
**PIETER MÖLLER.**

# UITNODIGING NA DIE TOTIUSFEES

**Die Totiuskomitee nooi alle Pukke vriendelik uit om die hoogtepunt van die Totiuseeufeesviering op Potchefstroom by te woon op Saterdag 19 Februarie 1977.**

Die ingebruikneming van die Totiusmuseum vind om 09h15 in Molenstraat plaas, en om 10h45 begin die verrigtinge by die standbeeld in die Totiusgedenktuin, waar die Eerste Minister, Sy Ed. B.J. Vorster, die feesrede lewer.

Vir verdere besonderhede tree asseblief in verbinding met die Totiusfeesdirektoraat, PU vir CHO, telefoon Potchefstroom 22112 uitbreiding 403.

**Die Eeufeesprogram in Potchefstroom is soos volg:**

**19 Februarie**

09h15 tot 10h15 Ingebruikneming van gerestoureerde Totiuswoning in Molenstraat, Potchefstroom as Museum
Voorspel: Blaasorkes van die Dept. Gevangeniswese.
Verwelkoming: Kuratrise van die Potchefstroomse Museum, mev. M. du Toit
Ontsluiting: Die argitek, mnr. Johan de Ridder, oorhandig die sleutel aan prof. Fanus du Toit, Totius se oudste seun, wat dit aan die Burgemeester van Potchefstroom oorhandig. Mev. Hubert Rupert ontsluit die gebou.
'n Massakoor vna laerskole voer toonsettings van Totius se werke uit.
10h45 tot 12h45 Onthulling van Totiusstandbeeld en opening van Totius-Gedenktuin.
Orkesvoorspel
Erewag van S.A. Weermag
Musiek, sang en voordragitems
Oorhandiging van Totiusbeeld en suile deur mnr. Louis Luyt
Oorhandiging van 'n stel van Totius se Versamelde Werke aan die Eerste Minister deur die Rektor van die PU vir CHO
Feesrede: Die Eerste Minister

**20 Februarie**

Totius se betekenis as Psalmberymer, Bybelvertaler en kerkman word landwyd tydens eredienste in herinnering geroep.

**21 Februarie**

Kranslegging deur studente op die graf van Totius: 06h00.

# LEIERS BESLUIT OOR TOEKOMS

**Die SSR en die Huiskomitees van die P.U. vir C.H.O. het op die volgende mosies eenparig aanvaar, op die onlangse SSR-HK-kamp.**

1. Dat:
1.1 Ons ons dank betuig aan die Rektor van ons universiteit vir sy jarelange getroue en onbaatsugtige diens.
1.2 die seën van die Here hom toegebid word op sy verdere lewenspad.

2. Dat:
2.1 die SSR en Huiskomitees dit ten sterkste betreur dat daar ondanks die verklaring van die Raad op 17 November 1976 nog steeds 'n wolk van agterdog en verdagmaking oor ons universiteit hang en van harte oortuig is dat hierdie wolk vir die beswil van ons Alma Mater nou en vir die jaar wat kom, finaal opgeklaar moet word.
2.2 ons derhalwe 'n dringende beroep doen op almal wat aan die P.U. vir C.H.O. verbonde is om ter wille van ons universiteit en die saak waarvoor dit staan, alle geskille onmiddellik uit die weg te ruim in 'n gees van Christelike versoening en alle bedenkings wat hulle nog mag hê, langs die regte kanale vir die nodige aandag, voor te lê.
2.3 dit ons erns en opregte voorneme is om as studenteleiers ons in alle opsigte te beywer vir die goeie naam van en lojaliteit aan ons Alma Mater, sodat die P.U. vir C.H.O. onbelemmerd sy roeping as Christelike Universiteit kan vervul.

Dié mosies is eenparig aanvaar.

# GELDSKAARSTE!

**Op hierdie stadium van die jaar is ons almal seker al byvoorbaat moeg en moedeloos as ons net hoor van inflasie en besparing. Nietemin neem dit nie die feit weg dat ons moet leer om met die gedagte saam te lewe en ons lewens dienooreenkomstig in te lig nie.**

**Van alle liggame met finansiële probleme staan die SSR seker geensins as uitsondering nie. Aangesien elkeen van ons verteenwoordig is in een of ander onderliggaam raak die situasie ons dus ten nouste.**

**Kom ek noem u 'n paar syfers. Die totale begroting van die SSR is hierdie jaar R14 000** minder as verlede jaar. Die totale behoeftes van onderliggame soos weerspieël deur ingehandigde begrotings het R84 000 beloop terwyl die SSR alleen oor 'n totaal van R38 500 beskik. Dit impliseer kortweg dat u u beplanning met meer as die helfte moet sny ten einde binne die begroting te bly. Besef ons dit almal?

Elkeen van ons sal verplig wees om weer die hand in eie boesem te steek en verantwoording te doen of ons werklik ons geld op 'n verantwoordelike wyse bestee. Dit sal meehelp dat daar nie soos tans reeds verskeie onderliggame is wat dreig om hulle begrotings te oorskrei nie.

# *In Memoriam*

**Dit was met leedwese dat ons verneem het van die afsterwe van drie van ons studente, gedurende die afgelope vakansie:**

LOURENS RADEMAN 'n inwoner van Hombre manskoshuis was 'n Honeursstudent in Semitiese tale. Hy behaal die graad met onderskeiding. Hy sou hierdie jaar sy studies aan die Kweekskool op Stellenbosch voortgesit het. Lourens was 'n beskeie mens en voorbeeldige Christen, wat aktief betrokke was by die werksaamhede van die K.J.A. Alhoewel ons treur, weet ons dat sy heengaan nie net weggaan is nie, maar ook tuiskoms.

CHRIS SWART – 23-jarige B.Proc-student aan die P.U.



vir C.H.O. het die lewe gelaat in 'n landmynontploffing aan die grens. Hy was 'n inwoner van Over-de-Voor. Chris, 'n gewilde studenteleier, was verlede jaar Voorsitter van Thalia. Hy is verkies as voorsitter van die S.R.V.P. vir 1977. Sy vrywillige militêre grensdiens toon ook die liefde wat hy vir sy Vaderland gehad het. Hy is met volle militêre eerbewys op Voortrekkerhoogte begrawe.

REDGE BRAND – 'n inwoner van Over-de-Voor. In lewe was hy 'n briljante student. Hy was die beste elektrotegniese ingenieurstudent in 1975 waarvoor hy ook 'n toekenning aan die universiteit ontvang het. Verlede jaar (1976) het hy sy tweede jaar met nege onderskeidings geslaag. Redge was vir die PUK 'n voorbeeld in lewenswandel in sy volgehoue werkywer en toewyding.



Aan die einde van verlede jaar is Prof. J.H. van Wyk aan kanker oorlede. Prof. van Wyk sou vanaf 1 Januarie 1977 die pos beklee nl. Hoof van die Departement Teoretiese Opvoedkunde. Prof. Jan Grobler is



vroeg in 1977 aan 'n hartaanval oorlede. Aan die naasbestaandes van bogenoemde wil ons ons meegevoel betuig en u toebid die vertroosting van die Here.


BARCLAYS-NASIONAAL

## BARCLAYS KONDIG AAN 'N SPESIALE PLAN VIR STUDENTE

- STUDIE LENINGS teen minder as halfprys. Ons leen jou geld om jou studies te voltooi en jy begin eers terug betaal ná jy graad gevang het.
- 'N TJEKBOEK maak dinge makliker. Ons sal jou een gee teen verminderde bankkoste.
- 'N SPAARREKENING om jou sakgeld veilig te bewaar en waaruit jy daagliks mag onttrek en deponeer.
- VERSEKERING
- PROFESSIONELE ADVIES
- Kom sien ons by ons studente agentskap op die Bult en ons sal u graag te woord staan.

die WAPAD

## 'N NUWE JAAR

**Die Wapad wil graag alle PUKKE (en eerstejaars) hartlik terugverwelkom na 'n lang vakansie. Voorspoed en sukses word u almal toegewens vir 1977.**

**Niemand van ons weet wat die jaar sal oplewer nie. Dit weet ons egter: min ander jare was al só belangrik vir die toekoms van die P.U. vir C.H.O. Die verdagmaking en swartsmeer van ons Alma Mater deur sekere individue en koerante is aan ons almal bekend. Dit is dus eerstens nodig om die agting wat verloor is, terug te wen. In hierdie verband is dit jammer dat aan ons as studente geen inligting voor die lang Desember en Januarievakansie deurgegee is nie: daarmee kon ons baie „herwinnings-werk" gedoen het.**

**'n Ander faktor is 'n kleiner studentetal (veral dan eerstejaars). Alhoewel hierdie vermindering nie aansienlik is nie en deur byna alle ander universiteite ondervind word, veroorsaak dit tog 'n vermindering in regeringsubsidie. In 'n moeilike finansiële tyd, waar geboue soos paddastoele op die kampus opspring, hoop ons dat die P.U. 'n oplossing kan vind vir hierdie probleem. Ons as studente kan ons deel bydra deur sake soos o.a. medeverantwoordelikheid vir die terrein van die P.U., asook die (eenvoudige) voorneme om jou jaar te slaag.**

**Indien daar dus 'n „resep" vir die jaar voorgeskryf kan word: Wees in alle opsigte krities, maar te alle tye lojaal; bevorder die vertrouensverhouding wat tussen Christene behoort te bestaan, deur met openheid langs die regte weg te kritiseer, maar ook waardering te hê; en laat ons as PUKKE beide studente en dosente, mekaar se hande neem vir die pad vorentoe, in stille berusting oor wat die Vader vir ons sal beskik.**

## EERSTEJAARS

**Aangesien hierdie die eerste WAPAD is wat 1250 eerstejaars lees, 'n besondere woord van welkom aan hulle. Oor 'n week of twee kan julle as volwaardige PUKKE welkom geheet word. Tussen julle en daardie tydstip lê oriëntering. Die PUK is nie verniet die enigste kampus wat nog 'n amptelike inburgering het nie: geniet dit dus tenvolle, dit is die moeite werd! Soms sal jy voel asof jy wil weghardloop: moenie, jy sal iets mis. Vele seniors kyk terug op húlle oriënteringstyd as van die aangenaamste tye in hulle studentelewe.**

**Aan die seniors: verwelkom die „jare" soos net PUKKE kan verwelkom. Laat ons uitgangspunt, veral vir hierdie jaar, die kweek van 'n positiewe gesindheid en lojaliteit teenoor die PUK wees sodat daar met reg gesê kan word: een maal 'n PUK, altyd 'n PUK!**

## NOG 'N KAMPUSKOERANT?

**Gerugte aan die einde van 1976 wou dit hê dat 'n groep studente (veral kommunikasiekunde-studente) hul eie kampuskoerant wil uitgee, waarin onder andere „alle briewe wat ontvang word" gepubliseer sal word (blykbaar ongeag of die skrywers daarvan dit goed bedoel en die waarheid praat). Alhoewel 'n verdere kampuskoerant naas DIE WAPAD moontlik groter betrokkenheid onder die Puk-leserspubliek tot gevolg kan hê, bly dit 'n ope vraag of dit nie geldmors is om in 'n moeilike finansiële tyd soos hierdie 'n tweede koerant vir 6 000 lesers uit te gee nie. DIE WAPAD het nog nooit teruggedeins om geregverdigde kritiek aan wie dit mag aangaan uit te spreek nie. Dit sal dan ook in die toekoms die geval wees. Waarom span hierdie mense nie hul kragte saam met die Wapadredaksie in om die beste aan die Pukmassa te lewer nie?**

## MOENIE LEES NIE

**Slegs vir aktiewe PUKKE**

O, jy lees wel.
Jy is 'n aktiewe PUK.
Jy wil weet.
Jy sal nie vergeet.
Vergeet wat jy gelees het.
Jy is aktief, jy neem deel.
Jy geniet, jy vier fees.

Dit gaan oor die naderende Karnaval.
Wat het gebeur? Nee! Wat gaan gebeur? Wanneer, waar en hoekom?
Gaan jy jou deel bring?
Dink goed voor jy verder lees.
Dit is 'n risiko.
Die tema is „Afrikaanse idiome."
Die 10e, 11e en 12e Maart vier al die PUKKE fees, almal saam in 'n goeie gees.

Jy is mos 'n aktiewe PUK?
Lees dan verder.

Die 4e en 5e Maart begin die PUK-mielielandfietstoer op Delareyville. Ongeveer 40 Pukke (4 uit elke manskoshuis) ry vanaf Delareyville na Sannieshof, na Biesiesvlei, na Lichtenburg waar hulle die aand van die 4e slaap en waar hulle lekker saam met die Lichtenburgers gaan braaivleis hou. Die Saterdagoggend vertrek hulle van Lichtenburg en ry na Coligny na Ventersdorp en dan na Potchefstroom waar hulle ingewag sal word deur al die PUKKE wat tuisgebly het en aan die massafietsry deur ons eie dorp deelgeneem het.

Maandagaand die 7e Maart word Studentevaria vanaf die Fanie du Toit Sportterrein uitgesaai waartydens die PUKKE ook kan luister na die Sêr-kompetisie tussen die dames- en manskoshuise, wat Dinsdagaand ten einde loop.

Woensdagaand vind die PUK atletiekkampioenskappe plaas, wat voorafgegaan sal word deur 'n verrassing. Al die PUKKE **moet** daar wees.

Donderdagaand is die Openingsaand en dan tree hier manne op soos Jan Spies, die Eerste Minister van Tarentaal, ons dorp se Burgemeester en so tussendeur die optredes sal ons 'n einde maak aan die akademie.

Na al die optredes sal al die PUKKE plesierig word saam met ons Dramadepartement en André P. Brink se „Afrikaners is plesierig".

Vrydag vind die Mooirivierspele plaas. Hieroor later. Sorg dat jy die volgende Wapad in die hande kry.

Maak seker dat jy Vrydag die 11e Maart om 7.00 vm. alreeds by die Fanie du Toit Sportterrein is. Net dit, voor ek verder verder: daar is onder meer 'n Supersportmankompetisie. Kom jy deelneem?

Die middag ongeveer 15h00 gaan ons „Kaap na Rio" vaar, op die Potchefstroom dam en daarna gaan die dameskoshuise ons herinner aan ons driewieldae. Daarvoor moet ons almal kampus toe kom.

Die aand bou ons almal vlotte en die wat nie vlot bou nie, maak vir hom of haar 'n popkop. Dit laat ons aan julle oorspronklikheid oor.

Saterdag, 12 Maart, wanneer die vlotte van die kampus vertrek, moet elke koshuis met snaakse drag voor hul vlot loop met blikke in die een hand en kitaar in die ander hand en die PUKKE wat nie geld vra nie, sing soos net 'n PUK kan sing.


Van Potchefstroom ry ons almal na Klerksdorp.

Vanjaar gaan die eerstejaars nie weer die seniors die voorreg ontneem om Karnaval te vier nie – nee, al die PUKKE gaan fees vier.

Elkeen moet so veel as moontlik geld insamel, want die koshuis wat die meeste insamel, is die wenkoshuis.

Saterdagmiddag gaan ons weer almal kyk hoe vaar ons trapkarre teen dié van die ander universiteite. Na die trapkarjaery gaan al die PUKKE saam feesvier op ons eie braaivleisterrein langs die Mooirivier.

Welkom PUKKE, welkom vir 'n feeskarnaval!




# S.R.-VOORSITTERSKONFERENSIE

**Op 26 en 27 November verlede jaar is daar vir die tweede maal 'n SR-voorsitterskonferensie van alle wit universiteite, in Johannesburg gehou. Die Universiteit van die Witwatersrand het as gasheer opgetree, nadat Stellenbosch vroeër in 1976 die geleentheid aangebied het.**

Die hoofdoel was om nouer skakeling te bewerkstellig, maar veral om 'n agenda vir die tweede Studenteraadkonferensie wat in April by R.A.U. gehou sal word, op te stel. Beide die ou termyn (1975/1976) en nuwe termyn (1976/1977) se SR-voorsitters was teenwoordig.

Die agenda waarop besluit is, getuig van verskeidenheid binne die eenheid van studentebelange. 'n Kenmerk van die bespreking is dat (veral onder leiding van die PUK) die Afrikanerstudente hul „versigtigheid" om sg. „politieke" sake te bespreek. Die gedagte dat daar waterdigte kompartemente soos studente voordele, politiek, ekonomie e.d.m. bestaan en dat slegs oor een daarvan bespreking gevoer kan word, is finaal die nek ingeslaan. 'n Onderwerp soos bv. die armblankevraagstuk het maatskaplike, ekonomiese en politieke implikasies. Die agenda en die kampusse wat die verskillende onderwerpe moet inter, is as volg:

1. Studentevoordele: (Tukkies (Binnemuurs) en Rhodes)
2. Nasionale Studentebewegings: R.A.U. en Wits
3. Studentediens aan die samelewing: Maties en Ikeys
4. (i) Die rol van die studentekoerant: Kovsies en Durban
   (ii) Studente-inspraak: Tukkies (Buitemuurs) en Pietermaritzburg
5. Die rol van die studente in die samelewing, polities en apolities: P.U. vir C.H.O., U.P.E., Ikeys en Tukkies.
6. 'n Oop sessie, waarin enige saak bespreek kan word.

Die PUK het dus die „wydste" onderwerp en ons kan dus weer eens ons stem goed laat hoor.

Interessantheidshalwe kan genoem word dat swart- en kleurlinguniversiteite ook genader is, maar nie op die uitnodigings gereageer het nie, moontlik vanweë interne probleme.

**WELKOM. . .!**

**U het volop keuse in ons groot verskeidenheid**

- HANDBOEKE
- SKRYFBEHOEFTES
- EN WAT U OOKAL VAN 'N BOEKHANDELAAR VERLANG

**PRO REGE-PERS BEPERK**

*„die Potchefstroomse boekhandel"*

**Tomstraat 86 - - Potchefstroom**

**Tel. 8875**

## Uit die Woord

*En gedurende die maaltyd – die duiwel het dit al in die hart van Judas Iskáriot, die seun van Simon, ingegee om Hom te verraai – het Jesus, omdat Hy wis dat die Vader alles in sy hande gegee het en dat Hy van God uitgegaan het en na God heengaan, van die maaltyd opgestaan en sy boklere uitgetrek en 'n doek geneem en dit om Hom vasgemaak. Daarna het Hy water in 'n bak gegooi en die voete van sy dissipels begin was en afdroog met die doek wat Hy omgehad het.*
*(Joh. 13: 2-5)*

*Wat 'n antiklimaks. Ons sou eerder verwag dat Hy wat weet dat hy alles van Sy Vader ontvang het, vir Hom dadelik 'n troon maak en almal beveel om Hom te eer wyl Hy met gestrenge gesig alles met 'n ysere hand regeer. Nou dien Hy en daarmee stel Christus aan Sy volgelinge die volmaakte voorbeeld in ons verhoudinge teenoor mekaar. So sê Christus in vers 14: „As ek dan, die Here en die Meester julle voete gewas het, is julle ook verplig om mekaar se voete te was". Dit is begryplik dat dit meer as voete-was beteken. Dit beteken dat ons mekaar diensbaar moet wees. Vandag en alle tye doen die Woord van God op ons 'n beroep om mekaar diensbaar te wees. Hierdie diensbaarheid ken nie grense nie, dit word geëis van die S.S.R. teenoor elke lid van die kampus, van die H.K. teenoor die seniors, die seniors teenoor die eerstejaars, die eerstejaars teenoor die seniors. Laat ons mekaar se voete was soos Christus sy dissipels se voete gewas het.*

# GROOT WOELINGE IN DIE TUISLAND TARENTALIA

**Gedurende die afgelope vakansie het die vonke behoorlik in Tarentalia gespat. Hennart van Schalkwyk het sonder noemenswaardige bloedverlies ’n suksesvolle staatsgreep uitgevoer en het homself ook daarna tot nuwe hoofminister verklaar.**

In die persoonlike onderhoud met die Hoofminister het hy gesê dat sy eerste openbare optrede vir Dinsdag 15 Februarie geplan word. By die geleentheid sal die nuwe kabinet dan ook aan die Pukke voorgestel word. Hy het voorts gesê dat hy dit as een van sy belangrikste take beskou om op gepaste wyse met die indringers op die grense van sy tuislande se gal te werk (hierby het hy blykbaar die eerstejaars bedoel!)

Hoofminister van Schalkwyk het dan ook op geen dubbelsinnige wyse sy misnoeë uitgespreek met die feit dat die Transkei sy onafhanklikheid gekry het voor hierdie eer Tarentalia te beurt geval het. Hy sou hierdie saak dan so spoedig moontlik met die President van Tarentalia, Sy Edele, Adv. B.J. Vorster, opneem. Sy ontevredenheid is te verstane aangesien Tarentaal alreeds op 18 Augustus 1972 die Tuisland van Tarentalia geword het.

Steeds gehul in ’n sluier van dit wat bykans aan die mistieke grens, voorspel hierdie bewindsoorname groot dinge vir alle burgers van Tarentalia. Nuwelinge en mense wat die saak van Tarentalia nie goedgesind is nie, behoort daarenteen niks goeds te verwag nie. Die moontlikheid van bloedvergieting is selfs nie uitgesluit nie.



*H. van Schalkwyk*

# UITSPAN NET-NET VOOR IN FONDSINSAMELING

Die fondsinsameling vir Karnaval ’77 vorder met rasse skrede. Nadat die eerstejaars se kollektelyste terugontvang is, staan die groottotaal op R22 000-00. Daar is nog 450 lyste uitstaande.

Ek gee graag ’n uiteensetting van die stand van sake toe die inkomste op R16852-63 was.

Elke koshuis staan nog ’n kans. Kom ons kyk hoe gaan die gemiddeldes in die volgende Wapad wees.

| Koshuis | Aantal lyste ingehandig | Aantal 1ste jaars in koshuis | Groottotaal | Gemiddeld per student per koshuis | *Pro rata gemiddeld per koshuis |
|---|---|---|---|---|---|
| 1. WANDA | 33 | 82 | R2084,19 | R63,16 | R25,42 |
| 2. UITSPAN | 6 | 12 | R 335,00 | R55,83 | R27,92 |
| 3. KLAWERHOF | 43 | 75 | R2091,20 | R48,63 | R27,88 |
| 4. OOSTERHOF | 25 | 51 | R1078,10 | R43,13 | R21,14 |
| 5. KLOOSTER | 35 | 65 | R1465,00 | R41,86 | R22,54 |
| 6. WAG-’N-BIETJIE | 40 | 79 | R1627,74 | R40,69 | R20,60 |
| 7. KASTEEL | 42 | 80 | R1517,03 | R36,12 | R18,96 |
| 8. DAWIE DUP | 9 | 49 | R 309,50 | R34,39 | R 6,32 |
| 9. DORP | 12 | 112 | R 319,13 | R32,59 | R 2,85 |
| 10. VERGEET-MY-NIE | 12 | 80 | R 380,80 | R31,73 | R 4,76 |
| 11. THABA-JÄH | 23 | 36 | R 707,99 | R30,78 | R19,62 |
| 12. KULU | 9 | 22 | R 250,20 | R27,80 | R11,37 |
| 13. SOETDORINGS | 9 | 16 | R 239,00 | R26,55 | R14,94 |
| 14. HOMBRE | 49 | 110 | R1177,53 | R24,03 | R10,70 |
| 15. KARLIEN | 49 | 80 | R1130,20 | R23,06 | R14,13 |
| 16. CAPUT | 30 | 90 | R 686,40 | R22,88 | R 7,63 |
| 17. OVERS | 16 | 55 | R 364,50 | R22,78 | R 6,63 |
| 18. HEIDE | 44 | 80 | R 953,12 | R21,66 | R11,91 |
| 19. HEIMAT | 5 | 12 | R 64,00 | R12,80 | R 5,33 |

GELD

BINNE LOOPAFSTAND VAN U AF

VOLKSKAS (BEPERK)

TOMSTRAAT 98
TELEFOON 4237

## FOUR JACKS AND A JILL KOM WEER KUIER

**Die verwelkomingsfunksie vir die eerste jaars vind op Saterdagaand 19 Februarie plaas. Daar sal ’n vingerete in die Totiussaal wees en daarna sal ’n vertoning deur die Four Jacks and a Jill in die Sentrale Eetsaal plaasvind.**

Soos dit elke jaar die geval is, sal die senior mans weer vanaf sewe-uur die oggend op Donderdag 17 Februarie die geleentheid kry om die door van hul keuse te „skiet”. Daar is genoeg rede om te glo dat daar weer heelwat ou-manne gaan wees wat voor die SSR-kantoor gaan slaap om te verseker dat hulle die nooi van hul keuse kry. Vanaf twaalf-uur die oggend sal die eerstejaarmans hul kies kan kies! So die manne moet maar hul penne en sakboekies reg hou.

Die geleentheid word ook aan die ander Pukke gebied om die vertoning van die Four Jacks and a Jill by te woon. Kaartjies hiervoor is alreeds by die SSR-kantoor beskikbaar.

## DIE PUK WEN ’N VOLKSIE

MET DIE kompetisie wat Volkswagen S.A. uitgeskryf het vir die kampus wat die meeste studente in ’n Kewer kan „inprop” het die PUK weereens sy meesterskap bewys deur oor die meeste klein mannetjies te beskik. Die PUK het ’n rekord getal studente in die Kewer „laat plaasneem” en sodoende as wenner uit die stryd (groot druk) getree.

Hoewel die kompetisie ’n landswye kompetisie was waaraan al die kampusse deelgeneem het en wat gedurende Karnaval 76 op ons kampus plaasgevind het, het die uitslag eers teen die einde van 1976 bekend geword. Dit is dan ook met trots dat die Sentrale Studenteraad namens die wenner-kampus die Volkswagen Kewer in besit neem. Aan die studente wat oor die kwaliteite beskik het om die oorwinning te beklink gaan ook ’n groot dankie.



*Daar was ook verjaarsdae op die Liber Factus draftoer – die toerpa, Fika van Rensburg, moes natuurlik ook „verjaar”*

# PUKKE NEEM KENNIS

Die Pukkie neem vanjaar ’n besondere vorm aan. Dit is absoluut sy geld werd. Dit is in die vorm van ’n kalender met ’n grap vir elke dag van die maand. Die Pukkie is baie funksioneel omdat dit op jou lessenaar kan staan. Dit sal die 25ste Februarie 1977 beskikbaar wees teen 75c per Pukkie. Dit sal soos in die verlede deur Eerstejaars verkoop word.

Die Puk sakboekie is dan ook weer beskikbaar vir 1977 teen ’n koste van R1,20. Dit is die eerste verhoging van pryse in vyf jaar. Elke Puk student behoort ’n Puk sakboekie te besit. Die verhoging is (soos gewoonlik) tewyte aan verhoogde drukkoste.

Aan die adres van alle seniors en eerstejaars wat nog nie ’n Pukke hoedjie het nie: Daar is ’n groot hoeveelheid hoedjies by die SSR-kantoor beskikbaar teen R2,50. Dink aan Intervarsity op 26 Maart 1977.

Daar word beplan om vanjaar aan alle oud-studente die Wapad te stuur. Dit sal in ’n mate verseker dat die oudstudente nie voeling met die studentelewe op die kampus sal verloor nie.

# SENIORS STAL HUL TALENTE UIT

DIE SENIOR programaand sal vanjaar in die Totiussaal op die aande van 16 en 17 Februarie plaasvind. Weens die gewildheid van hierdie program sal daar op elke aand twee vertonings aangebied word.

Soos gewoonlik sal die eerstejaars deur die optredes van Alabama, Thalia en die P.U.-Koor verwelkom word. Vanjaar sal die musiekgroep van Departement Ontwikkeling, „Die P.U.-Kaners”, ook hulle talente uitstal. Benewens hierdie groepe word optredes van ’n paar individuele kunstenaars ook in die vooruitsig gestel.

Die vertonings word nie net aangebied vir die eerstejaars nie maar alle seniors is ook welkom om dit by te woon.

# SÊR-KOMPETISIE – ’N NUWE BEDELING


DIE sêr-kompetisie word vanaf vanjaar deur die Kultuurraad op ’n baie vaster grondslag georganiseer. Die idee is nou dat die sêr-groepe nie direk na die kompetisie verdwyn nie. Die onderskeie koshuise se groepe sal saam met Departement Ontwikkeling optree, hul talente op Varia-aande uitstal en moontlik aan ander Universiteite se sêr-kompetisies deelneem.

Vanjaar sal die sêr-kompetisie as deel van die Karnavalprogram aangebied word. Dit sal op die aande van Maandag en Dinsdag 7 en 8 Maart in die Totiussaal plaasvind. Daar sal mans-, dames- en gemengde afdelings wees waaraan groepe kan deelneem. Punte wat koshuise in die sêr-kompetisie behaal sal dan by die finale Karnavalpunt geïnkorporeer word.

ONS HET ALLES WAARNA U SOEK IN DIE LYN VAN SPORTBENODIGDHEDE; BESOEK ONS GERUS

STUDENTE SPORT

Kerkstraat
Potchefstroom



*Die vordering van die studentesentrum is fluks op pad na voltooiing. Dit lyk op die oomblik baie deurmekaar maar dit beloof om die beste te wees!*

# HULP AAN INKAGENG

**Mnr Pieter Pooe van die skoolraad van Ikageng het die SSR genader om hulp. In Ikageng word primêre onderwys slegs aangebied tot std. 6. Vir verdere onderrig tot std. 10 moet leerlinge na die tuisland gaan.**

Baie van die senior leerlinge werk egter in Potchefstroom en kan dus nie na die tuisland gaan nie. Sodanige leerlinge kry dan 'n korrespondensiekursus vanuit die Tuisland. Omdat die leerlinge sukkel om die werk te verstaan het mnr Pooe die SSR genader om 'n projek van stapel te stuur om vrywillige onderwysers te werf. Kom Pukke, hier is 'n geleentheid om iets positiefs vir ons rasseverhouding te doen.

Al wat van sodanige vrywillige studente verlang word is om twee periodes per week in die middae aan te bied. Die vakke waarvoor die vrywilligers benodig word is taalkursusse, handelsreg en ekonomiesevakke.

Kom Pukke, laat ons op hierdie positiewe saak reageer. Ons is veral op soek na aspirant onderwysers maar ander belangstellendes is ook welkom. Vir verdere inligting skakel met Theo Cloete by die SSR-kantoor.

# ONDERVOORSITTER OORSEE

**In 'n onderhoud met Pieter Möller, ondervoorsitter van die SSR, het ons verneem dat hy die afgelope vakansie oorsee was met die Abe Bailey beurs. Hierdie beurs word jaarliks toegesê aan studente van elke blanke universiteit in Suid-Afrika.**

Johan Pretorius en Theuns Eloff kon nie hierdie toer onderneem nie as gevolg van ander verpligtinge. Die moontlikheid is egter sterk dat Theuns Eloff die toer sal onderneem die einde van 1977.

Pieter het 'n intensiewe studietoer onderneem in Groot Brittanje waar hy heelwat studente ontmoet het van Oxford, Cambridge- en Nothingham Universiteite. Daarna het hy Frankryk, Duitsland, Italië en Griekeland besoek. Hy vertel van hierdie reuse ondervinding in die volgende Wapad.

## *NUUSBROKKIES*

HET JULLE GEWEET:

dat hierdie Wapad deur die SSR-lede en medewerkers voorberei en uitgegee is; omdat die Wapadredaksie nog nie terug is nie.

dat 'n nuwe PUK-sweetpak op die laaste SSR vergadering goedgekeur is. Die sweetpak is gemaak van wol en word ook op ander kampusse gebruik. Die sweetpak het klokpype en word aanbeveel, alhoewel dit 'n bietjie duurder sal wees.

dat daar 25 nuwe asblikke aangeskaf is vir die kampus. Pukke help ons kampus asseblief skoonhou! Indien julle blikke benodig kontak Johan Aucamp by Dept. Ontwikkeling.

dat ons in 'n tyd van inflasie leef en daarom het die SSR-lede self hulle kantore uitgeverf en reggepak. Waar kan jy help in jou koshuis?

# DORP

**Daar gaan inderdaad baie dinge in 1977 in Dorp gebeur. Daar het reeds dinge gebeur wat verreikende gevolge gaan hê.**

Dorp is naamlik van 1977 af 'n volwaardige koshuis en die huisvaderskap is in die bekwame hande van mnr. Joggie Hattingh. Eerstejaars gaan ook nouer betrek word en beter kontrole en beheer gaan uitgeoefen word oor hulle akademiese vordering. Dié kontrole is nie slegs in die eerstejaars se eie belang nie – en ook natuurlik om hulle as ware studente in die studentelewe in te lei nie – maar dit gaan deursuur om ook 'n ander groot ideaal te verwesenlik: die beëindiging van een van die grootste probleme op ons kampus – onbetrokkenheid. Ons hoop naamlik dat ons deur groter betrokkenheid van eerstejaarstudente die seniorstudente van Dorp ook nouer gaan betrek; trouens, ons hoop nie net so nie, ons weet dit gaan so wees. Daarom word met groot verwagting uitgesien na 1977.

In dié lig moet Dorp se drake en dore besef watter groot verantwoordelikheid op hulle rus. Mag hulle die verwagting en vertroue wat op hulle gestel word, waardig wees en die HK en wyksbestuurders help om 1977 so 'n grootse jaar vir Dorp te maak.

Met dié doel voor oë is Dorp in 4 wyke verdeel waarvan elke wyk 'n wyksbestuurder het wat baie nou met die HK skakel. Daardeur word algemene skakeling tussen studente en HK vergemaklik en groter betrokkenheid bewerkstellig. Verder kan eerstejaars ook makliker bereik word.

Die HK en wyksbestuurders van Dorp is ook reeds druk besig met vormingswerk aan die drake en dore, en dit blyk reeds na die eerste naweek dat daar belofte is dat 'n groot gees gebou kan word, al sal dit met 'n bietjie moeite gepaard gaan. Voordat hulle volwaardige eerstejaars en Pukke kan word, lê daar egter nog heelwat werk voor. Tog glo ons dat die hoop op 'n groot gees in Dorp in 1977 nie sal bepskaam nie.

Dorp se HK en wyksbestuurders bedank ook graag Vergeet-my-Nie, Karlien en Heide se HK's vir die aksies wat ons met hulle gehad het en by voorbaat bedank ons die HK's van die koshuise met wie ons aksies sal hê voor die ter perse gaan van hierdie artikel.

# OVER DE VOOR SE REÜNIE

**Skaars het 1977 begin en skaars het die studente op die PUK gearriveer toe Over de Voor groot planne beraam het vir die nuwe jaar. Afgesien van die normale studente bedrywighede waar Over de Voor weer sy volle gewig gaan ingooi, word daar ook met groot entoesiasme uitgesien na die reünie wat tegelykertyd die 15-jarige bestaan van Overs sal vier.**

Vyftien jaar se tradisie en hoogtepunte gaan dan ook op 'n luisterryke wyse gevier word en 16 April (die dag van die reünie) gaan nie net bestaan uit 'n reuse osbraai nie. Die tradisionele sportdag met Taaibos vind ook plaas op dieselfde dag en letterlik honderde mense gaan bydra om weer eens die leeu hard en duidelik te laat brul op die PUK-kampus.

# SPORT

# PUKKE VAAR GOED OP DALRYMPLE

**Met die Mielieraad – S.A.U.-atletiekbyeenkoms, het die PUKKE hulle baie goed van hul taak gekwyt en die PUK se aansien in atletiek geledere laat styg. Piet Meyer, Gert Doorewaard, Dawie Malan, Piet Goosen, Willie Smit en vele andere het gewys waartoe hulle in staat is, soos ons ook uit die onderstaande kan aflei asook die medaljes wat verower is.**

Die finale uitslag van die Mielieraad – SAU-atletiek (Dalrymple) byeenkoms was soos volg:

**Mans:**

| UP | UOVS | PU | US | UPE | RAU | UCT | N | R | WITS |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 93 | 77¼ | 71 | 66 | 39 | 38 | 7 | 4¼ | 0 | 0 |

**Dames:**

| UP | US | PU | UOVS | RAU | UPE | R | WITS | UCT | N |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 90 | 87 | 43 | 36 | 29 | 9 | 8 | 6 | 0 | 0 |

Die volgende atlete het onder die eerste drie geëindig:

**Goud:**

Piet Meyer 5000 m stap – 20 min 56,2 sek – SA-Rekord
Gert Doorewaard 5000 m – 14 min 32,8
Dawie Malan – Paalspring – 4,80 m

**Silwer:**

Gert Doorewaard 3000 m H
Piet Goosen Skyfwerp/Gewigstoot
Willie Smit 100 m
Dawie Malan Driesprong
H Badenhorst 5000 m stap
PU-span 4 x 100 aflos

**Brons:**

Dissie Kruger 5000 m stap
H du Toit Gewigstoot

**Dames:**
**Silwer:**

Ria v d Berg 100 m H
W Fondse Gewigstoot
Este Robbertse Hoogspring
4 x 400 m aflos

**Brons:**

Jorina Gunter W Fondse

Die volgende Pukke was gekies vir die Protea-span teen Oostelike Provinsie en uitnodigingspan op 6 Desember 1976 te UPE:

**Mans:**

G Doorewaard
P Meyer
W Smit
H Badenhorst
H du Toit
D Kruger
P Goosen
W H de Vos
D Malan

**Dames:**

W fondse
A Cabano
J Gunter
E Robbertse

**Uitnodigingspan:**

T Ferreira
W Kruger
G v Rooyen
K Visser

Die gedrag van die PU-atlete was voorbeeldig en 'n mooi spangees het onder die atlete geheers.


**Pukke, NEDBANK heet julle almal baie welkom:**

JULLE ÉN EK IS NUUT HIER MAAR REEDS BEKEND – KOM ONS MAAK NADER KENNIS.

UITNODIGING GERIG DEUR

**Ria Jacobs, Nedbank Mini-Tak, Esselenstraat 11, Die Bult.**



*(foto van mev. Ria Jacobs)*

# TENNIS

**Vanaf Vrydag 3 Desember 1976 tot Donderdag 9 Desember 1976 het die P.U. vir C.H.O. se manstennisspan aa die S.A.U.-Toernooi te Bloemfontein deelgeneem. Tien Universiteite was verteenwoordig op die toernooi.**

Die P.U.-span, wat vierde gekeur was het uiteindelik derde geëindig nadat dit op punte gelyk met Wits geëindig het. Weens die feit dat die P.U.-span die Wits-span geklop het, het die P.U.-span derde en Wits vierde geëindig. Die oorwinning van die P.U.-span oor die Wits-span is geen geringe prestasie nie as in gedagte gehou word dat S.Tvl. die sterkste tennisbona in die R.S.A. is en die Wits-spelers meer aan toernooie deelneem – soms tot twee verskillende toernooie gedurende een naweek. Die span wat reeds Woensdagmiddag, 2 Desember na Bloemfontein vertrek het, het die Donderdag op die bane van die U.O.V.S. geoefen.

UITSLAE

**3 Desember 1976:** P.U. wen R.A.U. 6-0
P.U. wen Wits 4-2
**4 Desember 1976:** P.U. verloor teen Stellenbosch 1-5
P.U. verloor teen U.P. 2-4
**6 Desember 1976:** P.U. wen U.P.E. 6-0
P.U. verloor teen Natal nadat wedstryde 3 elk was en stelle getel moes word 6-7
**7 Desember 1976:** P.U. wen U.C.T. 5-1
P.U. wen Rhodes 6-0
**8 Desember 1976:** P.U. wen U.O.V.S. 6-0

Fanie Campher, No 1 speler van P.U. is gekies om Donderdag 9 Desember 1976 vir die Protea-span teen U.O.V.S.-span te speel. Dit is die hoogste posisie waarvoor 'n P.U.-speler nog in die Protea-span gekies is. Hy was ongelukkig om nie as No 1 gekies te word nie daar hy slegs teen Rayno Seegers van Stellenbosch naelskraap 6 - 4, 7 - 5 verloor het.

Ons kan veral vir Fanie Campher baie geluk wens met sy prestasie. Dit is die hoogste posisie waarvoor 'n Puk-speler nog gekies was.

'n Verdere gelukwensing aan die Puk-span wat ten spyte daarvan dat hulle vierde gekeur was tog derde geëindig het.

Mag dit in die tyd wat kom nog beter gaan.

Die PUK steun op u.


MENSE IS SPORT...



SPORT IS...PUKKE

Safari
SPORT

Santam Arkade Tel. 7673

- Wapad


# P.U. RUGBY KAN GOEIE JAAR BELEEF

Die Pukke wat in die tweede helfte van die 1976-rugbyseisoen werklik sprankelende spel gelewer het kan die nuwe rugbyjaar wat net om die draai lê onder heelwat gunstiger omstandighede aanpak as 'n jaar gelede toe hulle feitlik van die vloer af moes spanbou.

Agterlangs behou die studente hulle beweeglike en glibberige driekwarte sonder 'n enkele uitsondering. Sors Greyling, Danie Weitz, Ben van Rensburg, Theuns Eloff, Bennie de Klerk, André Rossouw en Flippie Venter sal almal weer daar wees. Ook snellers soos Ben van Vuuren, Braam Coetzee en Ben-John Birch wat al by geleentheid van hulle plekke met onderskeiding volgestaan het is weer beskikbaar.

Met die agterlynkombinasie word dus geen probleme voorsien nie en die manne behoort weer die wêreld aan die brand te speel – as hulle goeie balbesit van die kant van die voorspelers kry. Dit is egter hier waar alles nie weer dieselfde gaan wees nie.

Haker Ferdi Osborne ondergaan militêre opleiding, terwyl daar nog onsekerheid heers of Dries Coetzer en Okkie Oosthuizen, albei sleutelfigure onder die vaste voorspelers, weer op hulle pos gaan wees. As hulle nie terugkeer nie sal hulle afwesigheid 'n groot leemte laat. Manne soos Pan Coetzee, André Markgraaff en Johan Venter sal dan moet oorneem. Die seniors meld vandag aan waarna meer duidelikheid sal bestaan oor Coetzer en Oosthuizen se toekomsplanne.

Verderaan sal ou strydosse James Stoffberg, Johan Strydom Louw Venter, Koos Wentzel, Harry Smalman en Freddie van Heerden nog op die toneel wees. Met die kern van die voorspelerspel behoort niks te skort nie.

In een belangrike opsig gaan Pukrugby vanjaar 'n nuwe era binne. Vir die eerste keer word beskik oor die dienste van 'n voltydse afrigter-organiseerder in die persoon van James Stoffberg. Dit moet 'n goeie uitwerking op die studente se rugby hê en hy het reeds op hierdie stadium 'n klompie van die kêrels lekker fiks.

Oor die kompetisie waaraan die Ibbies vanjaar in Wes-Transvaal gaan deelneem is daar nog onsekerheid. Hulle het verlede jaar die Steynliga gewen en kwalifiseer vir uitspeelwedstryde teen Strathvaal en Klerksdorp om te bepaal watter een van hierdie drie spanne opskuif na die Neser A-liga. Tree hulle nie as wenner na vore nie, nouja dan speel hulle weer in die Steynliga. Hierdie uitspelery vind reeds teen die middel van Maart plaas.

Anders as die afgelope seisoen sal die Pukke weer in 1977 aan die Blaine-uitklopliga deelneem, maar nie weer met twee spanne aan die Presidentliga nie – wel met een. Voorlopige planne is dat die sterkste 0.20-span, bekend as 'n Jongspan, in die tweede liga van die Neserkompetisie ingestoot gaan word en dat 'n O.20A en -B-span vir die Barnardliga ingeskryf gaan word.

Oud-Springboklosskakel Clive Ulyate, 'n fyn kenner van die spel, maar wat tot dusver net met krieket en hokkie besig was, gaan ook vanjaar by rugbyafrigting van die Pukke betrek word. Hy gaan waarskynlik by die O.20's ingespan word.

Gebeur dit dat die Ibbies promosie na die Neserliga kry, sal benewens die eerste span en die Ibbies ook 'n senior tweede span op die been gebring word. Dit het in die verlede geblyk dat die koshuisspanne nie teen al die klubs se tweede spanne die mas opkom nie en so 'n stap sal dié ongelyke mededinging uitskakel.

Die Pukke wat verlede jaar 12 van die 17 bekers in Wes-Transvaal verower het, se vernaamste doelwit gaan nie wees om trofeë in te palm nie, maar om aantreklike en konstruktiewe rugby op te dis. Oor hierdie uitgangspunt is die bestuur dit eens en word daarin geslaag kom wenrugby vanself.

Op 26 Maart kom die Pukke voor hulle eerste vuurdoop te staan wanneer vir die tweede keer met die Randse Afrikaanse Universiteit kragte gemeet word. Vanjaar is die intervarsity in Johannesburg en na hulle naelskraapse oorwinning met twee punte verlede jaar weet die Potchefstromers vanjaar beter wat op hulle wag – 'n taai toets.

Ter voorbereiding vir die RAU-botsing word twee vriendskaplike wedstryde beplan: teen Randfontein op 11 Maart (tuis) en teen Kempton Park op 19 Maart (weg). Hierna behoort hulle slaggereed te wees.

Oor die Paasnaweek word wedstryde teen twee Randse klubs beoog en vir die Julievakansie 'n toer deur Natal. Hierna sal die Intervarsity teen die Kovsies (op 20 Augustus op Potchefstroom). Soos reeds gesê maak bekers nie soveel saak vir die Pukke nie – as hulle dit in die proses wen soos verlede jaar natuurlik ook goed – maar 20 Augustus is vir hulle 'n rooiletterdag. Hulle wil die Kovsies klop; iets waarin laas in 1971 geslaag is en waarna in 1973 gelykop gespeel is. Dalk herlewe die Ted Sceales-reeks weer (wat die Puk in 1973 gewen het) en dit gaan hoë eise stel.

Vir die O.20's is daar ook nog in Julie die aangename SAU-toernooi in Pretoria en hulle sowel as die Ibbies moet ook bakstaan met die twee intervarsities – die groot prestigegeleenthede van die jaar. Koshuisrugby sal ewe eens sy belangrike en regmatige plek kry. Die Pukke het inderdaad soveel spanne dat hulle bykans 'n klein bondjie op hulleself vorm.

Daar is dit dan: 'n strawwe program om deur te werk, een waaroor geen illusies hoef te bestaan nie. Die ander spanne wag die Pukke in en om bo te wil uitkom sal uitspring kos. Net die manne wat hulle deel bydra kan deel in die genoegdoening om te presteer.



*Gaan dit hierdie jaar weer wenvreugde wees? Nartjie Nortje, een van verlede jaar se vleuels spring hier in die lug na Willie Smith se wendrie in verlede jaar se Intervarsity teen RAU.*

# SOKKER: 'N NUWE ERA

**Jare al speel ons op koshuisvlak sokker. Ses Pukke het in 1976 vir Potch United gespeel. Een van ons Pukke is vir Wes-Transvaal gekies. Die behoefte na Sokker op die P.U. vir C.H.O. was en is steeds daar. Op 15 September 1976 lig die P.U. vir C.H.O. sy eie Sokkerklub.**



*Piet het op die Dalrymple 'n nuwe SA rekord in die 5000 meter stap verower.*

Op Maandag 14 Februarie 1976 begin die eerste oefening van die P.U.-Sokkerklub. Die oefening is op die veld van dorp.

Ons as Pukke wil een van gees, geesdriftig soos net studente kan wees, saam ons Universiteit verteenwoordig.

Finansieel is ons reeds sterk. Ons het borge van R250 ontvang. 'n Veld het ons gekry. Ons deel Potch United se veld met hulle. Oefentye is om 4.20 nm vanaf Maandae tot Vrydae.

Ons sportdrag is uniek. Pukke kom kyk self hoe pak ons Wes-Transvaal en R.A.U. aan. Alle belangstellendes kan Pieter Fourie smiddae tussen 1.30 en 2 nm by die SSR-kantoor kontak.